


INLIGTINGSBLAD




Die heel buitenste laag van plantselle is die selwand. Dit bestaan uit 'n koolhidraat, genoem sellulose, wat ook ander proteïenbestanddele daarin vasgevang het. Die selwand is 'n onbuigsame laag en verskaf strukturele stabiliteit aan die sel en beperk ook die deurlatingsvermoë van groot stowwe in en uit die sel. Net binnekant die selwand is die selmembraan geleë. Hierdie membraan bestaan uit fosfolipiede en proteïene. In beetselle en rooi koolselle bevat die vakuool (wat deur 'n membraan, die tonoplast genoem, omring word) ook rooi pigmente, **betalïen** genoem, wat aan beet sy kleur verskaf.

Proteïene is makromolekules. Hulle is sensitief teenoor veranderinge in die konsentrasies van oplosmiddels soos etanol, veranderinge in temperatuur en in pH. Dit kan daartoe lei dat hulle **gedenatureerd** raak. Die verandering in die proteïen se struktuur laat toe dat daar 'lekplekke' in die selwand en in die verskillende membrane in selle ontwikkel.

'n SPEKTROFOTOMETER

'n Spektrofotometer is 'n stuk laboratoriumtoerusting wat gebruik word om die samestelling (bestanddele) van 'n oplossing te bepaal. Dit werk deur die hoeveelheid (%) lig wat deur 'n oplossing beweeg, te meet. Hoe meer deurskynend die oplossing is, hoe meer lig sal deurbeweeg. Die hoeveelheid lig word dan gemeet en die data word op 'n grafiek aangeteken. In suiwer water is die %-deurlating 100%.

'n Vereenvoudigde diagram om te wys hoe 'n spektrofotometer werk.



[Aangepaste diagram]

